

1 November

Matteus 5:1-12

Godskind - Reinkind

As daar 'n saligspreking is wat nie met vroom woorde en skulderkentenisse afgehandel kan word nie, dan is dit as Jesus sê: "Geseënd is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien".

Dit is een van die mees verhewe uitlatings wat in die Bybel opgeskryf is. Die klimaks, kan ons sê, van die saligsprekinge. Dis die sentrale waarheid waartoe die vorige vyf gelei het én waaruit die volgende twee voortvloei.

Die woord "geseënd" beskryf 'n toestand of situasie van geluk wat die gevolg is van verlossing. Hierdie geseënd beteken soveel as hemelse geluk op aarde. En die woord "hart" verwys na die aller kern van die mens se lewe; die setel van gevoel en aandoening. Die woord "rein" beteken eenvoudig, glad, sonderplooie, suiwer, opreg. "Rein van hart" beteken dus die onderhouding van die eerste en groot gebod, naamlik die Here jou God lief te hê met jou hele hart, siel, verstand en al jou kragte... Rein van hart? Here, dit is my strewel!

Ek is in U hande. Dit is God wat in u werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehag. Daarom moet u die aardse dinge wat nog deel van u lewe is doodmaak. In u is nou die lewe van die nuwe mens wat al hoe meer vernuwe word na die beeld van u Skepper.

Toewyding. Geloof in aksie. 'n Onverdeelde hart.

U innerlike en uiterlike lewe is nou onder beheer van God se Gees. Geen vroom geknoei nie. U lewe - God ter ere. Geesvervuld, elke dag, voortdurend, totdat die Here kom. Dan word u gelyk aan Hom. Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien...

'n Oorweldigende beloftewoord. Met die oog van die geloof is 'n sienswyse moontlik wat vir niemand anders moontlik is nie. Gereinig in en deur Jesus Christus sien u weer en weer God se heerlijkheid. Reinheid van hart maak die oë van u siel skoon sodat God sigbaar word. En eendag van aangesig tot aangesig. Vader, skeep in my 'n rein hart. Vervul my met U Gees sodat ek U kan sien.

Sing: Skrifberyming 33:1-3 Ds. P.H. Heystek (Pretoria-Montanapoort)